View in browser

# SAPPA

ISSUE 51 | 14 July 2026

## Inhoud/Contents



- Julie Oesskatting
- 2026 Harvest Tracker: How Does This Season Compare?
- SAPPA Kultivargids nou Beskikbaar
- Diefstal van Neute: Nuwe Produsente Inligtings- en Verklaringsvorm
- Markimplikasies van groeireguleerders: Wat pekanneutprodusente moet weet
- Free SABO–FERTASA Biostimulants Workshop
- SAPPA se Goeie Landboupraktyke (GAP)-riglyne in finale fase
- SAPPA ondersteun opkomende pekanprodusent



# Julie Oesskatting

SAPPA se Junie oesskatting projekteer 'n nasionale oes van ongeveer **55 600 ton**, met 'n verwagte band tussen **52 800 ton en 58 400 ton**.

Histories word ongeveer 90% van die oes in-dop uitgevoer.

# 2026 Harvest Tracker: How Does This Season Compare?



As the South African pecan harvest continues to gain momentum, one of the most interesting ways to assess the season is to compare harvest progress with previous years. By looking at the percentage of the final crop that had been received by the same week in earlier seasons, we can place the current harvest into valuable historical context.

By the end of Week 27, South African handlers had received 22,277 tonnes of pecans. Historically, this point in the season has represented:

- 43.1% of the final crop in 2022
- 41.6% in 2023
- 31.6% in 2024
- 39.1% in 2025

Across these four seasons, an average of 38.9% of the final crop had been delivered by Week 27.

If the 2026 harvest follows an average historical pattern, the current delivery pace would indicate a final crop of approximately 57,300 tonnes. This historical comparison does not replace SAPPA's existing crop estimation process. Instead, it adds another objective, data-driven tool that is used alongside the current methodology to improve the accuracy of the official crop estimate as the harvest progresses. As always, weather conditions, seasonal differences, processing capacity and the timing of harvests can influence how closely the current season follows historical trends.

The export figures are equally encouraging. By Week 27, South Africa had already exported 9,224 tonnes of in-shell pecans. Relative to the crop received so far, this means that approximately 41.4% of all deliveries have already been exported. This compares favourably with previous seasons:

**Season In-shell exports as % of crop received (Week 27)**

- 2022: 24.1%
- 2023: 31.5%
- 2024: 31.9%
- 2025: 40.6%
- 2026: 41.4%

This suggests that exporters continue to move product through the supply chain at an impressive pace, despite the larger volumes being harvested.

Although it remains early in the harvest, both deliveries and exports indicate another strong year for the South African pecan industry. As more data become available

over the coming weeks, these comparisons will provide an increasingly accurate picture of where the 2026 crop is likely to finish.

---

# SAPPA Kultivargids Nou Beskikbaar




SAPPA stel met trots die **Pekanneut Kultivargids** bekend.

Hierdie omvattende gids bevat hoë-resolusie foto's van pekanneute, kern en deursnitbeelde, tesame met afmetings en beskrywings van die verskillende kultivars.

Die publikasie is spesifiek saamgestel om produsente te ondersteun met die identifikasie van pekanneutkultivars in die veld en tydens oes.
Deur die kombinasie van visuele verwysings en beskrywende inligting word produsente beter toegerus om moontlike kultivars te identifiseer en van mekaar te onderskei.

Ons versoek vriendelik dat die gids slegs vir plaaslike gebruik aangewend word en dat geen elektroniese weergawes met kliënte of ander eksterne partye gedeel word nie.

Daar bestaan 'n risiko dat internasionale kopers neute teen die foto's in die gids kan vergelyk en moontlik vragte afkeur indien die produk nie presies soos die verwysingsfoto's voorkom nie.

Die gids is uitsluitlik bedoel as 'n hulpmiddel vir kultivaridentifikasie en nie as 'n kommersiële kwaliteitsverwysing nie.

Gedrukte bindels van die kultivargids is beskikbaar teen **R 100** by beide SAPPA-kantore:

**Leilani**
E-pos: admin@sappa.za.org
Tel: 021 250 1692
**Hardus**
E-pos: hardus@sappa.za.org
Tel: 083 465 6522

Ons vertrou dat hierdie gids 'n waardevolle hulpmiddel vir produsente sal wees en sal bydra tot beter kultivarkennis binne die bedryf.

---

## Diefstal van Neute: Nuwe Produsente Inligtings- en Verklaringsvorm

SAPPA werk deurlopend saam met produsente, verwerkers en ander rolspelers om die Suid-Afrikaanse pekanneutbedryf te beskerm en die handel van gesteelde pekanneute te ontmoedig.

As deel van hierdie poging is 'n Produsente Inligtings- en Verklaringsvorm ontwikkel. Verwerkers sal produsente voortaan versoek om hierdie inligting te verskaf wanneer pekanneute gelewer word.

Die doel van die vorm is om die herkoms van produkte beter te kan verifieer en dit moeiliker te maak vir gesteelde pekanneute om die formele bemarkingskanaal te betree. SAPPA versoek alle produsente om hul samewerking te gee wanneer hierdie inligting aangevra word.

Hierdie inisiatief vorm deel van ons gesamentlike poging om die integriteit en volhoubaarheid van die Suid-Afrikaanse pekanneutbedryf te beskerm.

**Laai Vorm HIER af**

---

## Markimplikasies van groeireguleerders: Wat pekanneutprodusente moet weet

*Saamgestel deur Kobus Hartmann.*

Plantgroeireguleerders, soos paclobutrazol (PBZ), word wêreldwyd in verskeie gewasse gebruik en daar word aangevoer dat dit onder bepaalde omstandighede voordele soos groeibeheer en verbeterde boomprestasie kan bied. Die gebruik daarvan bly egter 'n onderwerp wat deeglik oorweeg moet word, veral in uitvoergeoriënteerde bedrywe waar regulatoriese vereistes en marktoegang dikwels swaarder weeg as die potensiële agronomiese voordele.

Die internasionale mark stel toenemend streng vereistes. Die VSA handhaaf 'n nul-residu beleid vir PBZ op pekanneute, terwyl die EU en China slegs uiters lae residuvlakke toelaat. Benewens regulatoriese vereistes kan kopersentiment ook 'n groot invloed hê op marktoegang, selfs wanneer produkte aan wetlike vereistes voldoen.

Hierdie artikel verduidelik die werking van groeireguleerders, die rol van PBZ in pekanproduksie, SAPPA se navorsingsbevindinge, asook die belangrike uitvoer- en markimplikasies wat produsente in ag moet neem. Dit bied waardevolle konteks vir produsente wat ingeligte besluite oor die gebruik van groeireguleerders wil neem, met spesifieke verwysing na die risiko's wat internasionale markte en uitvoervereistes inhou.

**Lees volle Artikel HIER**

---

# Free SABO–FERTASA Biostimulants Workshop

SAPPA is pleased to share an opportunity available to all pecan producers through our membership of SABO (South African Bioproducts Organisation).

SABO, in collaboration with FERTASA, will be hosting a free virtual Biostimulants Workshop on Wednesday, 5 August 2026. The workshop will explore the latest developments in biostimulants, their role in sustainable crop production, and practical applications to improve plant health, nutrient uptake and productivity.

Participation is free for all growers, but registration is essential. We encourage all producers who are interested in the latest innovations in crop production to make use of this opportunity.

Please see the flyer below for further details and registration information. You can register by following the link or scanning the QR code provided.

**Register Here**

SABO
South African Bioproducts Organisation

FERTASA
Fertilizer Association of Southern Africa

# SABO AND FERTASA PRESENTS THE BIOSTIMULANTS WORKSHOP

**Join us for a focused workshop on how biostimulants can improve soil health, boost crop performance, and support more sustainable, resilient farming systems through science-based innovation.**

## WHO SHOULD ATTEND?

- Growers
- Agricultural extension officers
- Government officials
- Purchasing agents
- Crop advisors
- Students
- Products development specialists

## WHEN?

05 AUGUST 2026

GAUTENG
CSIR
Meiring Naude Road, Brummeria Pretoria
*Also available virtually*

## Workshop Programme Topics:

### 08:30 - 10:30 Session 1: Understand

- Introduction to SABO and FERTASA
- Setting the Scene: Understanding the role of Biofertilizers and Biostimulants in Agriculture
- Enhancing Nutrient Use Efficiency and Stress Tolerance with Biostimulants
- Microbial Biostimulants in Crop Production Systems
- Plant Extracts & Non-Microbial Biostimulants in Action

### 11:00 - 13:30 Session 2: Integrate

- Unpacking the Principles of Regenerative Agriculture
- Harnessing Biostimulants for Modern Crop Production Systems
- From Trial to Field: Translating input to impact
- Leveraging Biostimulants to Improve Soil and Plant Health in Existing Systems
- PANEL DISCUSSION – BRIDGING SCIENCE AND PRACTICE: EVIDENCE, APPLICATION AND IMPACT

### 14:30 - 16:00 Session 3: Regulate

- Regulatory framework (South African context)
- Biostimulant Quality Assurance: What to Choose and Why
- Innovations in Biostimulants and Biofertilisers

*EARLY BIRD REGISTRATION FEES:*

**IN-PERSON ATTENDANCE FEE:**

- Non- Members: R 2000
- SABO & FERTASA Members: R 1750
- Growers and Students: R 1000
- Government officials: Free (*Limited spaces available*)

**VIRTUAL ATTENDANCE FEE:**

- Non- Members: R 1400
- SABO & FERTASA Members: R 1000
- Growers and Students: R 750
- Government officials: Free

**REGISTER HERE**

To find out more contact:
+27 78 099 2222
+27 82 830 4495
info@sabo.org.za
candice@fertasa.co.za
www.sabo.org.za
www.fertasa.co.za

# SAPPA se Goeie Landboupraktyke (GAP)-riglyne in finale fase

SAPPA se Goeie Landboupraktyke (GAP)-riglyne is tans in die finale ontwikkelingsfase. Persone met relevante kennis, ervaring of agtergrond wat graag insette wil lewer, advies wil gee of kommentaar op die konsep wil verskaf, word uitgenooi om SAPPA te kontak. Die nodige dokumentasie sal dan aan u beskikbaar gestel word.

**Stuur nou 'n Epos**

# SAPPA ondersteun opkomende pekanprodusent



SAPPA is trots om die ontwikkeling van opkomende pekanprodusente te ondersteun. Een so 'n voorbeeld is Crisp, wat in Desember 2023 perseel 6H13 in die Vaalharts-gebied naby Hartswater deur die Land Bank se Blended Finance-program bekom het.

Sedertdien werk SAPPA nou saam met Crisp om die nodige tegniese ondersteuning en kennis te bied om 'n suksesvolle pekanboerdery te vestig. In 2024 het SAPPA gehelp om 120 pekanbome te voorsien om oop spasies in die bestaande boord aan te vul. Crisp se plaas beslaan 24,5 ha pekans, waarvan die bome nou byna volle produksie bereik.

Gedurende die 2026-seisoen ondersteun SAPPA Crisp verder met die vestiging van 'n nuwe besproeiingstelsel. Die materiaal is reeds aangekoop en die pomphuis is voltooi. Sodra die huidige oesseisoen afgehandel is, sal Crisp met die installasie begin sodat die stelsel gereed is voordat die bome weer begin bot.



SAPPA sien daarna uit om Crisp ook in die toekoms met tegniese ondersteuning en, waar moontlik, verdere ontwikkelingshulp by te staan. Hierdie projek is 'n mooi voorbeeld van hoe samewerking en doelgerigte ondersteuning kan bydra tot die volhoubare ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse pekanbedryf.

---

## SAPPA Greetings / SAPPA Groete


**SAPPA**

Berlyn Sentrum (PTY) LTD, 7646, Paarl



Unsubscribe